*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 64.] CAPE TOWN, 7TH OCTOBER, 1970. KAAPSTAD, 7 OKTOBER 1970. [No. 2864.


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1689. 7th October, 1970.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 69 of 1970: Marketing Amendment Act, 1970.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1689. 7 Oktober 1970.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 69 van 1970: Wysigingswet op Bemarking, 1970.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





# WET

**Tot wysiging van die Bemarkingswet, 1968, om verdere voorsiening te maak vir die bepaling van klasse van 'n produk; en vir raadpleging in verband met 'n voorgestelde skema; om voorsiening te maak vir die ontruiming deur 'n lid van 'n beheerraad van sy amp en die skorsing van so 'n lid; vir die geldigheid onder sekere omstandighede van 'n besluit van 'n beheerraad of van 'n handeling op sy gesag verrig; vir die wyse waarop daar met sekere gelde van 'n poel gehandel kan word; vir die reëling van die voortdurende geldigheid van die registrasie van 'n produsent van, of iemand wat as 'n besigheid handel met, 'n beheerde produk; en vir die vasstelling van tariewe vir die vervoer van 'n beheerde produk; om sekere aangeleenthede te reël wat ontstaan uit die aanstelling van 'n koöperatiewe vereniging of 'n koöperatiewe maatskappy as agent van 'n beheerraad; om voorsiening te maak vir die gelykmaking van heffingskoerse onder sekere omstandighede; en vir 'n verbod op die verkoop, verskaffing, aflewering of vervoer op sekere tye ook van 'n klas of graad van 'n beheerde produk; om die voorskrifte met betrekking tot die bekendmaking van sekere besluite van 'n beheerraad te wysig; om verdere voorsiening te maak vir die gradering, klassifikasie, verpakking en merk van produkte; om voorsiening te maak vir advieskomitees in verband met sekere produkte waarop 'n heffing opgelê word en die betaling van toelaes aan lede van sodanige komitees; vir die vasstelling van die prys van 'n ander produk as 'n beheerde produk; vir 'n verbod op die verkoop van 'n ander produk as 'n beheerde produk behalwe aan of deur bemiddeling van sekere persone; en vir die bevoegdhede van sekere aangewese persone in verband met die klassifikasie van 'n produk; om die voorskrifte met betrekking tot regulasies te wysig; om voorsiening te maak vir die delegering van bevoegdhede deur die Minister; om Bylae 1 te wysig; om sekere proklamasies te herroep; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

---

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 28 *September* 1970.)

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 59 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 52 van 1969.**

**1.** Artikel 1 van die Bemarkingswet, 1968 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die omskrywing van „klas" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,klas' met betrekking tot 'n produk, ook, behalwe (in die geval van 'n beheerde produk) vir sover die betrokke skema dit uitsluit, 'n soort of variëteit

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Marketing Act, 1968, in order to make further provision for the determination of classes of a product; and for consultation in connection with a proposed scheme; to provide for the vacation of office by a member of a control board and the suspension of such a member; for the validity under certain circumstances of a decision of a control board or of an act performed under its authority; for the manner in which certain moneys of a pool may be dealt with; for the regulation of the continued validity of the registration of a producer of, or a person dealing in the course of trade with, a regulated product; and for the fixing of rates for the conveyance of a regulated product; to regulate certain matters arising from the appointment of a co-operative society or a co-operative company as agent of a control board; to provide for the equalization of levy rates under certain circumstances; and for prohibition of the sale, supply, delivery or conveying at certain times also of a class or grade or a regulated product; to amend the provisions relating to the notification of certain decisions of a control board; to make further provision for the grading, classification, packing and marking of products; to provide for advisory committees in connection with certain products on which a levy is imposed and the payment of allowances to members of such committees; for the fixing of the price of a product other than a regulated product; for prohibition of the sale of a product other than a regulated product except to or through certain persons; and for the powers of certain designated persons in connection with the classification of a product; to amend the provisions relating to regulations; to provide for the delegation of powers by the Minister; to amend Schedule 1; to repeal certain proclamations; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 28th September*, 1970.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 59 of 1968, as amended by section 1 of Act 52 of 1969.**

**1.** Section 1 of the Marketing Act, 1968 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection 1 for the definition of "class" of the following definition:

" 'class,' in relation to any product, includes, except (in the case of a regulated product) to the extent excluded in the relevant scheme, any kind or

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



van daardie produk en 'n kategorie van daardie produk bepaal volgens—

(*a*) die grootte, gewig, hoeveelheid, getal, mate, kleur, voorkoms, suiwerheid, samestelling of ander kenmerk of eienskap van daardie produk of van 'n eenheid of hoeveelheid daarvan; of

(*b*) die land, gebied, plek of perseel waarin, waarop, waarheen of waarvandaan, die persoon of klas van persone deur, aan of deur middel van wie, die wyse waarop, die tyd wanneer, die toestande waaronder of die doel waarvoor daardie produk geproduseer, versend, vervoer, gelewer, ontvang, gehou, behandel, verwerk, vervaardig, verpak, verkoop, verkry, gebruik of op 'n ander wyse mee gehandel word of is of 'n ander handeling in verband daarmee verrig word of is,

of op die grondslag van enige ander omstandigheid of aangeleentheid in verband met daardie produk, en het die woorde ‚klassifiseer', ‚herklassifiseer', ‚klassifikasie' en ‚herklassifikasie' ooreenstemmende betekenisse;"; en

(*b*) deur in die omskrywing van „produsent" in daardie subartikel die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„‚produsent', vir die doeleindes van 'n skema wat betrekking het op 'n produk, of van 'n kennisgewing wat betrekking het op 'n produk ten opsigte waarvan daar geen skema van krag is nie, ook, vir sover in die skema of kennisgewing omskryf—".

Wysiging van artikel 9 van Wet 59 van 1968.

**2.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Indien die Minister dit verlang, moet die bemarkingsraad, voordat hy ingevolge hierdie artikel aan die Minister 'n verslag voorlê ten opsigte van 'n voorgestelde skema wat 'n gespesifiseerde bevoegdheid aan sy beheerraad verleen, die verbruikerskomitee in verband met daardie skema raadpleeg.".

Wysiging van artikel 19 van Wet 59 van 1968.

**3.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Skema kan bepaal dat 'n voorskrif van, of verbod opgelê of besluit geneem deur, sy beheerraad—

(*a*) met betrekking tot 'n klas van die produk waarop die skema betrekking het, kan verskil van so 'n voorskrif of verbod of besluit met betrekking tot 'n ander klas van daardie produk;

(*b*) slegs betrekking het op 'n aangegewe klas van die produk waarop die skema betrekking het.".

Invoeging van artikel 28A in Wet 59 van 1968.

**4.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 28 ingevoeg:

„Ontruiming van amp deur, en skorsing van, lid van beheerraad.

**28A.** (1) 'n Lid van 'n beheerraad ontruim sy amp—

(*a*) as sy boedel gesekwestreer word of as 'n kennisgewing kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966), met betrekking tot hom gepubliseer word;

(*b*) as hy kranksinnig word;

(*c*) as hy aan 'n misdryf skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



variety of such product and any category of such product determined according to—

(*a*) the size, weight, measure, number, measurements, colour, appearance, purity, composition or other feature or characteristic of such product or of a unit or quantity thereof;

(*b*) the country, area, place or premises in, upon, to or from which, the person or class of persons by, to or through whom, the manner in which, the time at which, the conditions under which, or the purpose for which such product is or has been produced, consigned, conveyed, delivered, received, kept, treated, processed, manufactured, packed, sold, acquired, used or dealt with in any other manner, or any other act in connection therewith is or has been performed,

or on the basis of any other circumstance or matter in connection with such product, and the words 'classify', 'reclassify', 'classification' and 'reclassification' have corresponding meanings;"; and

(*b*) by the substitution in the definition of "producer" in that subsection for the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

" 'producer', for the purposes of any scheme relating to any product, or of any notice relating to a product in respect of which no scheme is in force, includes, to the extent defined in the scheme or notice —".

**Amendment of section 9 of Act 59 of 1968.**

**2.** Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If the Minister so requires, the marketing council shall, before submitting any report to the Minister in terms of this section in respect of a proposed scheme which confers a specified power on its control board, consult the consumers' committee in regard to that scheme.".

**Amendment of section 19 of Act 59 of 1968.**

**3.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A scheme may provide that any requirement or prohibition imposed or decision taken by its control board—

(*a*) which relates to any class of the product to which the scheme relates may differ from any such requirement or prohibition or decision which relates to any other class of such product;

(*b*) shall relate only to a specified class of the product to which the scheme relates.".

**Insertion of section 28A in Act 59 of 1968.**

**4.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 28:

"Vacation of office by, and suspension of, member of control board.

**28A.** (1) A member of a control board shall vacate his office—

(*a*) if his estate is sequestrated or if a notice is published in respect of him under section 22 (1) of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966);

(*b*) if he becomes of unsound mind;

(*c*) if he is convicted of an offence and is sentenced to imprisonment without the option of a fine;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*d*) as hy as lid bedank;

(*e*) as hy sonder verlof afwesig is van drie agtereenvolgende vergaderings van die beheerraad waarin hy as lid aangestel is;

(*f*) as hy kragtens subartikel (2) van sy amp onthef word.

(2) 'n Lid van 'n beheerraad kan te eniger tyd deur die Staatspresident van sy amp onthef word.

(3) 'n Lid van 'n beheerraad kan te eniger tyd deur die Minister vir 'n bepaalde tydperk uit sy amp geskors word en die Minister kan 'n ander persoon aanstel om gedurende daardie tydperk as 'n lid van die raad in die plek van die geskorste lid op te tree.".

**Invoeging van artikel 31A in Wet 59 van 1968.**

**5.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 31 ingevoeg:

„Geldigheid van besluit geneem deur, of handeling verrig op gesag van, 'n beheerraad.

**31A.** Geen besluit geneem deur 'n beheerraad of handeling op gesag van 'n beheerraad verrig, is ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in die raad of omdat 'n persoon wat nie geregtig is om as 'n raadslid sitting te neem nie, as 'n raadslid sitting geneem het toe die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur die vereiste meerderheid van die lede van die raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.".

**Wysiging van artikel 41 van Wet 59 van 1968.**

**6.** Artikel 41 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Skema moet voorsiening maak vir die oplegging, met die Minister se goedkeuring, deur die betrokke beheerraad op die grondslag wat dié raad bepaal, van 'n heffing op 'n produk waarop die skema betrekking het of op so 'n produk van 'n bepaalde klas, graad of kwaliteitstandaard.".

**Wysiging van artikel 44 van Wet 59 van 1968.**

**7.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Skema kan sy beheerraad magtig om met die Minister se goedkeuring 'n spesiale heffing te lê op 'n produk waarop die skema betrekking het of op so 'n produk van 'n bepaalde klas, graad of kwaliteitstandaard.".

**Herroeping van artikel 55 van Wet 59 van 1968.**

**8.** Artikel 55 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 57 van Wet 59 van 1968.**

**9.** Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (2) te voeg:

„(*d*) bepaal dat daar met gelde wat die poel toeval meer as drie jaar nadat die rekenings daarvan afgesluit is, gehandel kan word op 'n wyse deur die Minister bepaal.".

**Wysiging van artikel 59 van Wet 59 van 1968.**

**10.** Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur aan die end van paragraaf (*a*) van subartikel (3) die woord „en" te skrap;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*d*) if he resigns as a member;

(*e*) if he is absent without permission from three consecutive meetings of the control board to which he has been appointed as a member;

(*f*) if he is removed from office under subsection (2).

(2) A member of a control board may at any time be removed from office by the State President.

(3) A member of a control board may at any time be suspended from office by the Minister for a specified period and the Minister may appoint any other person to act as a member of the board in the place of the suspended member during that period.".

**Insertion of section 31A in Act 59 of 1968.**

**5.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 31:

**"Validity of decision taken by, or act performed under authority of, a control board.**

**31A.** No decision taken by a control board or act performed under authority of a control board, shall be invalid by reason only of a vacancy on the board or of the fact that a person who is not entitled to sit as member of the board sat as a member at the time when the decision was taken or the act was authorized, if the decision was taken or the act was authorized by the requisite majority of the members of the board who were present at the time and entitled to sit as members.".

**Amendment of section 41 of Act 59 of 1968.**

**6.** Section 41 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A scheme shall provide for the imposition, with the approval of the Minister, by the control board concerned, on such basis as such board may determine, of a levy on any product to which the scheme relates, or on any such product of a particular class, grade or standard of quality.".

**Amendment of section 44 of Act 59 of 1968.**

**7.** Section 44 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A scheme may empower its control board to impose, with the approval of the Minister, a special levy on any product to which the scheme relates or on any such product of a particular class, grade or standard of quality.".

**Repeal of section 55 of Act 59 of 1968.**

**8.** Section 55 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 57 of Act 59 of 1968.**

**9.** Section 57 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following paragraph to subsection (2):

"(*d*) provide that moneys which accrue to the pool more than three years after its accounts have been closed, may be dealt with in a manner determined by the Minister.".

**Amendment of section 59 of Act 59 of 1968.**

**10.** Section 59 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the deletion, in the Afrikaans text, at the end of paragraph (*a*) of subsection (3) of the word "en";

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) deur paragraaf (*b*) van daardie subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) om so 'n aansoek te weier, of om so 'n aansoek toe te staan op die voorwaardes wat die raad bepaal of wat in die skema vermeld word;";

(*c*) deur die volgende paragrawe by daardie subartikel te voeg:

„(*c*) om met die in die skema vermelde tussenpose die voortdurende geldigheid van so 'n registrasie onderworpe te stel aan die voorwaardes wat die raad dan bepaal hetsy deur die oplegging van verdere of nuwe voorwaardes of deur die wysiging of intrekking van voorwaardes wat dan bestaan;

(*d*) om so 'n registrasie in te trek indien die geregistreerde persoon 'n voorwaarde wat in die skema vermeld word of deur die raad kragtens paragraaf (*b*) of (*c*) opgelê is, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen."; en

(*d*) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Iemand wat ontevrede is met 'n besluit van 'n beheerraad in verband met 'n aangeleentheid betreffende sy registrasie deur daardie raad ingevolge bevoegdheid aan die raad verleen uit hoofde van subartikel (1) (*c*) of van subartikel (3) (*b*), (*c*) of (*d*) gelees met subartikels (4) en (5), kan binne negentig dae nadat hy of sy verteenwoordiger van sodanige besluit in kennis gestel is, teen sodanige besluit by die Minister appèl aanteken, en die Minister kan, na oorweging van die skriftelike vertoë wat binne die gemelde negentig dae deur die appellant tot die Minister gerig is, die stukke van die beheerraad met betrekking tot sodanige besluit wat ingevolge regulasies kragtens artikel 89 uitgevaardig aan die Minister voorgelê word en die verdere inligting wat die Minister nodig ag (wat hy nie verplig is om aan enigiemand bekend te maak nie), en na oorlegpleging met die bemarkingsraad, bedoelde besluit bekragtig, tersyde stel of wysig of in verband daarmee die bevel uitreik wat hy goedvind.".

**Invoeging van artikel 60A in Wet 59 van 1968.**

**11.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 60 ingevoeg:

„Vasstelling van tariewe vir vervoer van beheerde produk.

**60A.** (1) 'n Skema kan sy beheerraad magtig om met die Minister se goedkeuring enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, te verbied om 'n hoeveelheid van 'n produk waarop die skema betrekking het, of 'n klas of graad daarvan, te vervoer teen 'n ander of 'n laer of 'n hoër tarief as 'n tarief deur die raad vasgestel of bereken op 'n grondslag in die skema voorgeskryf of deur die raad bepaal.

(2) Tensy die betrokke skema anders bepaal, is 'n verbod opgelê ingevolge 'n bevoegdheid uit hoofde van subartikel (1) verleen, nie van toepassing nie op 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy wat ingevolge sy regulasies sy lede se produkte vervoer en die koste van sodanige vervoer tussen die lede verpoel.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) by the substitution for paragraph (*b*) of that subsection of the following paragraph:

"(*b*) to refuse any such application, or to grant any such application on such conditions as it may determine or as may be specified in the scheme;";

(*c*) by the addition to that subsection of the following paragraphs:

"(*c*) to render, at intervals specified in the scheme, the continued validity of any such registration subject to such conditions as the board may then determine, whether by the imposition of further or new conditions or by the amendment or cancellation of conditions then existing;

(*d*) to cancel any such registration if the person registered has contravened or failed to comply with any condition specified in the scheme or imposed by the board under paragraph (*b*) or (*c*)."; and

(*d*) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Any person who is dissatisfied with a decision of a control board in connection with any matter relating to his registration by that board in pursuance of powers vested in it by virtue of subsection (1) (*c*) or of subsection (3) (*b*), (*c*) or (*d*) read with subsections (4) and (5), may within ninety days after he or his representative has been notified of such decision, appeal to the Minister against such decision, and the Minister may, after consideration of such written representations as may have been made by the appellant to the Minister within the said ninety days, such documents of the control board relating to such decision as are submitted to the Minister in terms of regulations made under section 89 and such further information as the Minister may deem necessary (which he shall not be obliged to make known to any person), and after consultation with the marketing council, confirm, set aside or vary such decision or make such order in connection therewith as he may deem fit.".

**Insertion of section 60A in Act 59 of 1968.**

**11.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 60:

**"Fixing of rates for conveyance of regulated product.**

**60A.** (1) A scheme may empower its control board to prohibit with the approval of the Minister any person, or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, from conveying any quantity of a product to which the scheme relates, or any class or grade thereof, at a rate other than or below or above a rate fixed by the board or calculated on a basis prescribed in the scheme or determined by the board.

(2) Unless the scheme in question provides otherwise, a prohibition imposed under a power conferred by virtue of subsection (1) shall not apply to a co-operative society or co-operative company which in terms of its regulations conveys its members' products and pools the costs of such conveyance among such members.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





**Wysiging van artikel 64 van Wet 59 van 1968.**

**12.** (1) Artikel 64 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) om met die Minister se goedkeuring vrystelling te verleen, op die voorwaardes in die skema voorgeskryf of deur die raad bepaal, van die werking van 'n verbod deur die raad opgelê uit hoofde van 'n bevoegdheid kragtens paragraaf (*a*) aan hom verleen en, indien 'n in artikel 41 vermelde heffing of 'n in artikel 44 vermelde spesiale heffing nie betaalbaar is nie ten opsigte van die klas produk ten opsigte waarvan so 'n vrystelling verleen is, ook op voorwaarde dat 'n bedrag geld wat deur die raad met die Minister se goedkeuring bepaal word, ten opsigte van 'n eenheid of hoeveelheid daarvan aan die raad betaal word deur die persone, op die tye en op die wyse deur die raad bepaal, maar wat hoogstens soveel is as die bedrag van die hoogste sodanige heffing en die hoogste sodanige spesiale heffing wat betaalbaar is ten opsigte van 'n gelyke eenheid of hoeveelheid van 'n klas van daardie produk wat aan of deur bemiddeling van die raad of die in paragraaf (*a*) bedoelde persone verkoop word."; en

(*b*) deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

„(2A) Wanneer 'n beheerraad onder die in subartikel (1) (*a*) beoogde omstandighede 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy aangestel het as sy agent om hoeveelhede van 'n produk ten behoewe van daardie beheerraad van lede van die betrokke vereniging of maatskappy te ontvang—

(*a*) word 'n hoeveelheid van bedoelde produk aan daardie vereniging of maatskappy in sy hoedanigheid van sodanige agent gelewer deur 'n lid daarvan, vir sover 'n permit ingevolge artikel 96 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939 (Wet No. 29 van 1939), daartoe vereis word, geag uit hoofde van so 'n permit gelewer te wees;

(*b*) is die beheerraad nie teenoor so 'n lid ten opsigte van 'n hoeveelheid van bedoelde produk deur die lid aan daardie vereniging of maatskappy in sy gemelde hoedanigheid gelewer, aanspreeklik nie mits alle bedrae deur die beheerraad aan daardie vereniging of maatskappy verskuldig ten opsigte van hoeveelhede van bedoelde produk aan hom gelewer, aan hom deur die beheerraad betaal word ooreenkomstig die voorwaardes waarop daardie vereniging of maatskappy as sodanige agent aangestel is; en

(*c*) word 'n bedrag wat ooreenkomstig die gemelde voorwaardes van aanstelling aan so 'n lid betaalbaar word deur daardie vereniging of maatskappy ten opsigte van 'n hoeveelheid van bedoelde produk aan hom in sy gemelde hoedanigheid gelewer deur die lid, geag 'n skuld te wees wat aan die lid deur daardie vereniging of maatskappy verskuldig is op dieselfde wyse asof daardie hoeveelheid aan hom gelewer was om ooreenkomstig sy regulasies mee gehandel te word, en nie in sy gemelde hoedanigheid nie.".

(2) Paragraaf (*b*) van subartikel (1) word geag in werking te getree het op die datum van inwerkingtreding van die Hoofwet, en die Bemarkingswet, 1937, te alle tye terwyl dit in werking was, word geag bepalings te bevat het wat ooreenstem met die bepalings wat by daardie paragraaf in die Hoofwet ingevoeg word.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Amendment of section 64 of Act 59 of 1968.**

**12.** (1) Section 64 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) with the approval of the Minister to grant exemption on the conditions prescribed in the scheme or determined by the board, from the operation of any prohibition imposed by the board under a power conferred by virtue of paragraph (*a*) and, if a levy referred to in section 41 or a special levy referred to in section 44 is not payable in respect of the class of that product in respect of which any such exemption was granted, also on condition that an amount of money, determined by the board with the approval of the Minister, be paid to the board in respect of any unit or quantity thereof by such persons, at such times and in such manner as the board may determine, but not exeeding the amount of the highest such levy and the highest such special levy payable in respect of an equal unit or quantity of any class of that product which is sold to or through the board or the persons referred to in paragraph (*a*)."; and

(*b*) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) Whenever a control board has under the circumstances contemplated in subsection (1) (*a*) appointed a co-operative society or co-operative company as its agent to receive quantities of any product on behalf of that control board from members of the society or company concerned—

(*a*) any quantity of such product delivered to that society or company in its capacity as such agent by a member thereof shall, in so far as a permit under section 96 of the Co-operative Societies Act, 1939 (Act No. 29 of 1939), is required for the purpose, be deemed to have been delivered in pursuance of such a permit;

(*b*) the control board shall not be liable to such a member in respect of any quantity of such product delivered by the member of that society or company in its said capacity, provided all amounts due by the control board to that society or company in respect of quantities of such product delivered to it are paid to it by the control board in accordance with the conditions on which that society or company has been appointed as such agent; and

(*c*) any amount which in accordance with the said conditions of appointment becomes payable to any such member by that society or company in respect of any quantity of such product delivered to it in its said capacity by the member, shall be deemed to be a debt due to the member by that society or company in the same manner as if that quantity had been delivered to it to be dealt with in accordance with its regulations, and not in its said capacity.".

(2) Paragraph (*b*) of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the date of commencement of the principal Act, and the Marketing Act, 1937, at all times while it was in operation, shall be deemed to have contained provisions corresponding to the provisions inserted in the principal Act by that paragraph.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**Invoeging van artikel 66A in Wet 59 van 1968.**

**13.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 66 ingevoeg:

„Gelykmaking van heffingskoerse in sekere omstandighede.

**66A.** Wanneer 'n beheerraad 'n poel vir die verkoop van 'n produk bestuur in die omstandighede in artikel 66 beoog en gedurende 'n tydperk in die betrokke skema vermeld die koers verlaag of verhoog waarteen 'n in artikel 41 bedoelde heffing of 'n in artikel 44 bedoelde spesiale heffing betaalbaar is ten opsigte van 'n eenheid of hoeveelheid van daardie produk, kan die raad, indien deur die skema daartoe gemagtig en op die wyse in die skema voorgeskryf—

(*a*) aan elke persoon wat die heffing gedurende daardie tydperk betaal het teen 'n hoër koers as 'n gemiddelde koers vir daardie tydperk wat die raad op 'n aldus voorgeskrewe of deur die raad bepaalde grondslag bereken, of aan elke sodanige persoon wat tot 'n in die skema omskrewe klas van persone behoort, 'n bedrag terugbetaal wat deur die raad op 'n aldus voorgeskrewe grondslag bereken word ten opsigte van elke eenheid of hoeveelheid van daardie produk ten opsigte waarvan die betrokke persoon die heffing aldus betaal het;

(*b*) op elke persoon wat die heffing gedurende daardie tydperk betaal het teen 'n laer koers as sodanige gemiddelde koers, of op elke sodanige persoon wat tot 'n in die skema omskrewe klas van persone behoort, 'n bedrag verhaal wat deur die raad op 'n aldus voorgeskrewe grondslag bereken word ten opsigte van elke eenheid of hoeveelheid van daardie produk ten opsigte waarvan die betrokke persoon die heffing aldus betaal het.".

**Vervanging van artikel 71 van Wet 59 van 1968.**

**14.** Artikel 71 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verbod op die verkoop, verskaffing, aflewering of vervoer van 'n beheerde produk op vermelde tye.

**71.** 'n Skema kan sy beheerraad magtig om met die Minister se goedkeuring enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, te verbied om die produk waarop die skema betrekking het, of 'n klas of graad daarvan, te verkoop, te verskaf, af te lewer of te vervoer op of gedurende 'n dag, tyd of tydperk wat in die verbod vermeld word, of op of gedurende 'n ander dag, tyd of tydperk as 'n aldus vermelde dag, tyd of tydperk, of meer of minder dikwels as aldus vermeld.".

**Vervanging van artikel 79 van Wet 59 van 1968.**

**15.** Artikel 79 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Bekendmaking van sekere besluite van 'n beheerraad.

**79.** Elke—

(*a*) heffing kragtens artikel 41 of spesiale heffing kragtens artikel 44;

(*b*) verbod kragtens artikel 60 (1) (*a*), 60A, 64 (1) (*a*), 67 (1), 69, 70, 71, 72, 73 (*a*), 74 of 77;

(*c*) lasgewing, bepaling, voorskrif of vasstelling van 'n datum kragtens artikel 52 (2) (*a*) of (*b*), 59 (3) (*a*), 60 (1) (*b*), 61 (1), 63 (1) (*a*), 65 (1) (*e*), 66 (3) (*a*), 75 (1) (*a*), (*b*) of (*c*), of 78; of

(*d*) vasstelling van gelde kragtens artikel 73 (*b*),

word deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak, of, indien die Minister so bepaal, deur die betrokke beheerraad per aangetekende pos meegedeel aan die persoon of persone wat daardeur geraak word, en tree op 'n in die kennisgewing of mededeling vermelde datum in werking.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**13.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 66: **Insertion of section 66A in Act 59 of 1968.**

"Equalization of levy rates under certain circumstances.

**66A.** Whenever a control board conducts a pool for the sale of a product in the circumstances contemplated in section 66 and, during a period specified in the relevant scheme, reduces or increases the rate at which a levy referred to in section 41 or a special levy referred to in section 44 is payable in respect of a unit or quantity of that product, the board may, if authorized thereto by the scheme and in the manner prescribed in the scheme—

(*a*) refund to each person who paid the levy during that period at a rate higher than an average rate for that period calculated by the board on a basis so prescribed or determined by the board, or to each such person belonging to a class of persons defined in the scheme, an amount calculated by the board, on a basis so prescribed, in respect of every unit or quantity of that product in respect of which the person in question so paid the levy;

(*b*) recover from each person who paid the levy during that period at a rate lower than such average rate, or from each such person belonging to a class of persons defined in the scheme, an amount calculated by the board, on a basis so prescribed, in respect of every unit or quantity of that product in respect of which the person in question so paid the levy.".

**14.** The following section is hereby substituted for section 71 of the principal Act: **Substitution of section 71 of Act 59 of 1968.**

"Prohibition of the sale, supply, delivery or conveying of a regulated product at specified times.

**71.** A scheme may empower its control board to prohibit, with the approval of the Minister, any person, or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, from selling, supplying, delivering or conveying the product to which the scheme relates, or any class or grade thereof, on, at or during any day, time or period specified in the prohibition, or on, at or during any day, time or period other than a day, time or period so specified, or more or less frequently than so specified.".

**15.** The following section is hereby substituted for section 79 of the principal Act: **Substitution of section 79 of Act 59 of 1968.**

"Notification of certain decisions of a control board.

**79.** Every—

(*a*) levy under section 41 or special levy under section 44;

(*b*) prohibition under section 60 (1) (*a*), 60A, 64 (1) (*a*), 67 (1), 69, 70, 71, 72, 73 (*a*), 74 or 77;

(*c*) requirement, determination or fixation of a date under section 52 (2) (*a*) or (*b*), 59 (3) (*a*), 60 (1) (*b*), 61 (1), 63 (1) (*a*), 65 (1) (*e*), 66 (3) (*a*), 75 (1) (*a*), (*b*) or (*c*), or 78; or

(*d*) fixation of fees under section 73 (*b*),

shall be made known by the Minister by notice in the *Gazette*, or, if the Minister so determines, be communicated by the control board concerned to the person or persons affected thereby, by registered post, and shall come into operation on a date specified in the notice or communication.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Wysiging van artikel 84 van Wet 59 van 1968, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 52 van 1969.

